basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## TOERISME

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoorde by VRAAG 3.1 tot TWEE desimale plekke af.
5. Toon ALLE berekeninge.
6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Gebruik die puntetoekenning van elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERPE | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valuta-verhandeling | 50 | 50 |
| C | Toeristebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toeristesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 'n Tipe visum wat toeriste toelaat om verskeie Europese lande te besoek:

A BRICS
B SADG ('SADC')
C Schengen
D Kanadese

1.1.2 'n Dokument wat vereis word wanneer vir 'n visum aansoek gedoen word:

A Graad 12-sertifikaat
B Belastingklaringsertifikaat
C Doodsertifikaat
D Geldige paspoort

1.1.3 Die wateroordraagbare siekte wat die mense van Turkye in 2023 bedreig het na die rampspoedige aardbewing en vloede:

A Malaria
B Cholera
C Geelkoors
D Hepatitis

1.1.4 'n Element van 'n toerbegroting:

A Akkommodasie
B Posbeskrywing
C Uniformtoelaag
D Gedragskode

1.1.5 'n Veiligheidsvoorsorgmaatreël by 'n lughawe wanneer e-ontbied- ('e-hailing')-vervoermaatskappye, soos Uber en Bolt, gebruik word:




A Leer die bestuurders van die verskillende maatskappye ken.
B Gebruik 'n geregistreerde maatskappy se toep ('app') om die bespreking te maak.
C Aanvaar die goedkoopste aanbod van 'n taxibestuurder by die lughawe.
D Kies die duurste motor wat deur die maatskappy aangebied word.

1.1.6 'n Rede waarom 'n toeris die webtuiste van Die Automobiel-Assosiasie van Suid-Afrika (AA) sal besoek voordat hy/sy oorsee gaan:

A Om die nuutste wisselkoerse te kry
B Om buitelandse valuta te koop
C Om aansoek vir 'n paspoort te doen
D Om aansoek vir 'n IBP te doen

1.1.7 Die ikone wat met die stad Moskou verbind word:

A Die Franse Riviera en die Eiffeltoring
B Big Ben en Buckingham-paleis
C Die Alcazar van Segovia en die Algarve
D Die Kremlin en die Rooi Plein

1.1.8 Die ikoon wat met die massamoord op mense gedurende die Tweede Wêreldoorlog verbind word, is in … geleë.

A Peru
B Pole
C Oostenryk
D Portugal

1.1.9 'n Positiewe toeriste-ervaring kan tot … lei.

A die sukses van 'n attraksie
B 'n attraksie wat vermy moet word,
C lang rye toeriste by die attraksie
D die vernietiging van die natuurlike omgewing

1.1.10 'n Belangrike faktor om in ag te neem vir 'n attraksie om suksesvol te wees:

A Areas wat vir internasionale verkopers voorsiening maak
B Mense met gestremdhede word nie in ag geneem nie
C Beskerm besoekers teen misdadigers
D Maak slegs oor naweke oop

1.1.11 Die Sunshine Gholftoer wat onlangs in Suid-Afrika gehou is, is deur Suid-Afrikaanse Toerisme (SAToerisme) geborg. Die tipe bemarkingsinisiatief wat in die prent hieronder getoon word, sal …




A 'n negatiewe reaksie van plaaslike Suid-Afrikaners ontlok.
B Suid-Afrika as 'n vooraanstaande sportbestemming bevorder.
C beteken dat Suid-Afrikaners goedkoop gholftoerkaartjies kan koop.
D slegs Suid-Afrikaanse gholfspelers toelaat om vir die toernooi in te skryf.

1.1.12 Amptelike befondsing vir bemarkingsinisiatiewe vir Suid-Afrikaanse Toerisme word deur ... verskaf.

A TGRSA
B SAHRA
C SATSA
D TBRSA

1.1.13 Die Nasionale Volkslied van die Republiek van Suid-Afrika verteenwoordig die … van Suid-Afrika.

A attraksies
B diversiteit
C godsdiens
D aktiwiteite

1.1.14 'n Dienskontrak stipuleer die …

A werksure en professionele integriteit in die werkplek.
B kernpligte, byvoordele en uniformtoelaes.
C personeel se gedrag by die werkplek.
D reisvoordele en werksetiek.

1.1.15 'n Goed versorgde werknemer …

A trek klere aan met slagspreuke wat aanstoot gee.
B gebruik parfuum met 'n oorweldigende reuk.
C trek 'n skoon, netjies gestrykte uniform aan.
D se mondhigiëne is swak.

1.1.16 Die ekonomiese pilaar van volhoubaarheid verwys na die ...

A verwydering van uitheemse plante.
B beheer van rommel en besoedeling.
C vertoning van die plaaslike kultuur en erfenis.
D eienaarskap en deelname deur die plaaslike gemeenskap.

1.1.17 Die Tour de France is 'n internasionale … wat jaarliks plaasvind.

A ultramarathon
B fietswedren
C tennistoernooi
D sokkerwedstryd

1.1.18 Hierdie Suid-Afrikaanse stad het die 2023 Netbalwêreldbeker aangebied:

A Kaapstad
B Johannesburg
C Durban
D Pretoria

1.1.19 Orkaan Freddy het in Februarie 2023 skade aan infrastruktuur in Malawi en Mosambiek aangerig.

Die orkaan is as 'n … geklassifiseer.

A politieke situasie
B natuurramp
C burgeroorlog
D siekte

1.1.20 Statistiek Suid-Afrika (Stats SA) versamel data (inligting) oor die aantal bednagte vir toeriste.

Hierdie inligting verwys na die gemiddelde …

A bedrag wat per besoek aan etes gespandeer word.
B aantal kilometer wat per dag in 'n provinsie gereis word.
C duur van verblyf by akkommodasie-instellings.
D aantal besoeke aan 'n attraksie. (20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 ewenaar.

| |
|---|
| IDL; vluguitputting; verbode goedere; euro; logiese volgorde; reiskliniek; concierge-toonbank; UTK; beperkte goedere; vervaldatum; huweliksertifikaat; vlugvoosheid |

1.2.1 Die 0º-lengtelyn waarvan alle lande hulle tyd lees

1.2.2 Internasionale doeaneregulasies bepaal dat wapens wat aan boord van 'n vliegtuig geneem word, … is

1.2.3 Belangrike inligting wat in 'n toeris se paspoort ingesluit word

1.2.4 'n Toestand wat deur langafstand-lugreis oor baie tydsones veroorsaak word

1.2.5 Die gemeenskaplike geldeenheid wat in baie Europese lande gebruik word (5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 paspoort.

1.3.1 Die (WET/WGO) is verantwoordelik vir die regulering van wêreldgesondheidskwessies.

1.3.2 (Geelkoors/Diarree) word beskou as 'n hoërisiko-siekte vir toeriste wat na areas reis waar die siekte voorkom.

1.3.3 Voorkomende medikasie vir (malaria/bilharzia) moet geneem word voordat streke besoek word waar die siekte voorkom.

1.3.4 (Reisklinieke/Reisagentskappe) bied inentings aan vir toeriste wat reise na die buiteland beplan.

1.3.5 Die wêreldwye pandemie bekend as (Covid-19/Zika-virus) het die toerismebedryf wêreldwyd tot stilstand gebring. (5 x 1) (5)

1.4 Kies 'n volhoubare toerismekonsep uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | 'n Toerismebesigheid wat geld en tyd in 'n plaaslike ouetehuis belê | A | 'Fair Trade Tourism' |
| | | B | ekonomiese pilaar |
| 1.4.2 | Die hergebruik van glashouers vir 'n ander doel | C | gedragskode |
| | | D | maatskaplike pilaar |
| 1.4.3 | Aankoop van goedere by 'n plaaslike gemeenskap | E | omgewingspilaar |
| 1.4.4 | Die liggaam wat besighede sertifiseer wat die driedubbele-slotreël toepas | F | beheer van uitheemse plante |
| | | G | korporatiewe maatskaplike belegging (KMB) |
| 1.4.5 | Besighede neem die positiewe en negatiewe invloede van toerisme op plaaslike gemeenskappe, kulture en erfenis in ag | | |

(5 x 1) (5)

1.5 Die prentjies hieronder toon verskillende vorme van betaling.

Pas prentjies **A** tot **F** hieronder by die beskrywings wat 1.5.1 tot 1.5.5 genommer is. Skryf slegs die letter langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.5.6 G.

| **VORME VAN BETALING** | |
|---|---|
| **A** | **B** |
|  |  |
| **C** | **D** |
|  |  |
| **E** | **F** |
|  |  |

[Bron: www.bankrate.com]

1.5.1 'n Transaksie wat gebruik word om geld te stuur of vir goedere en dienste te betaal deur elektroniese toestelle te gebruik

1.5.2 Die beste manier om vir kleiner aankope, soos gebottelde water, by 'n straatverkoper te betaal

1.5.3 'n Voorafgelaaide, multi-geldeenheid-debietkaart wat gerieflik is om tydens internasionale reise vir aankope te betaal

1.5.4 Geld is beskikbaar nadat 'n ooreenkoms met die bank aangegaan is om die bedrag in maandelikse paaiemente terug te betaal


1.5.5 'n Internasionale bank-tot-bank-netwerk van elektroniese transaksies wat betaalorders en kodes gebruik (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA-VERHANDELING

### VRAAG 2

Bestudeer die Wêreldtydsonekaart en die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.1 **DIE KAAPSTAD FIETSTOER 2023**

Die 45ste Kaapstad Fietstoer, die grootste fietstydren in die wêreld, is op Sondag, 12 Maart 2023, gehou. Die fietstoer het meer as 30 000 fietsryers vanoor die hele wêreld gelok. Hierdie jaar het die Kaapstad Fietstoer geleenthede vir junior ryers van 13 jaar en ouer geskep om aan die 42 km-wedren deel te neem.

**SCENARIO**

Gordon Willis, 'n talentvolle 16-jaar-oue fietsryer van Londen, sy ouers en ouma het besluit om na Suid-Afrika te reis om Gordon se deelname aan die Kaapstad Fietstoer 2023 te ondersteun. Die gesin hou van avontuurgebaseerde aktiwiteite.

Gordon en sy gesin het met 'n direkte vlug vanaf Heathrow Internasionale Lughawe in Londen na Kaapstad gevlieg. Hulle het om 19:00 op 8 Maart 2023 vanaf Londen vertrek. Hulle het op 9 Maart 2023 in Kaapstad aangekom. Die vliegtyd was 11 uur.

Gordon se ouma het aangebied om vir 'n nuwe fiets te betaal. Sy het daarop aangedring dat hy 'n topgehalte fiets in Suid-Afrika koop. Sy het vir hom GBP3 000 in kontant gegee wat hy in Kaapstad vir Suid-Afrikaanse rand omgeruil het.




[Bron: www.capecycletour.com]


2.1.1 Bereken die tydsverskil tussen Londen en Kaapstad. (2)

2.1.2 Bereken die aankomstyd in Kaapstad toe die Willis'e se vlug op 9 Maart 2023 geland het. (4)

2.1.3 Gee TWEE redes waarom die gesin hulle reis so beplan het dat hulle drie dae voor die wedren in Suid-Afrika aangekom het. (4)

2.2 Verwys na die prentjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ROOI OF GROEN KANAAL?**




[Bron: www.shutterstock.com]

2.2.1 Buiten hulle gewone bagasie het Gordon se ma 50 mℓ parfuum en sy pa 1 liter wyn by hulle gehad. Gordon het slegs sy fietsrytoerusting by hom gehad.

(a) Gee raad aan die Willis-gesin oor na watter kanaal hulle op Kaapstad Internasionale Lughawe moet beweeg. (1)

(b) Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 2.2.1(a). (4)

2.2.2 (a) Die mans in die prentjie is nie werknemers van die Lughawemaatskappy van Suid-Afrika (ACSA) nie.

Gee die naam van die regeringsliggaam waarvoor die mans werk. (1)

(b) Verduidelik TWEE pligte van die mans na wie in VRAAG 2.2.2(a) verwys word. (4)

2.3 Die gesin het by hulle hotel in Kaapstad ingeboek.

Gordon het die WhatsApp-boodskap hieronder om 14:00 aan sy vriend, John, in New York gestuur.




Bereken hoe laat dit in New York was toe Gordon se vriend, John, die boodskap daar ontvang het.

**LET WEL:** New York pas DBT toe. (2)

2.4 Die Willis-gesin het vyf dae in Kaapstad deurgebring vir die fietstoer en om die stad te verken.

Teken die tabel hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor.
Voltooi die oop ruimtes vir Dag 2 en 5 op die reisprogram.

Die reisprogram moet die volgende insluit:

- EEN avontuur-aktiwiteit op beide Dag 2 EN Dag 5 in Kaapstad
- EEN belangrike inkopiegebeurtenis voor die fietstoer

| **DAG 1**<br>9 Maart 2023 | **DAG 2**<br>10 Maart 2023 | **DAG 3**<br>11 Maart 2023 | **DAG 4**<br>12 Maart 2023 | **DAG 5**<br>13 Maart 2023 |
|---|---|---|---|---|
| Aankoms in Kaapstad | | 1. Helikopter-rit oor Kaapstad<br>2. Besoek 'Boulders Beach' om die pikkewyne te sien | Kaapstad Fietstoer<br><br>(Voldag-gebeurtenis) | |

(6)
**[28]**

**VRAAG 3**

3.1 Verwys na die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| WISSELKOERSE | | | |
|---|---|---|---|
| **LAND** | **VALUTAKODE** | **BAK** | **BVR** |
| Verenigde Koninkryk | GBP | 21,98 | 22,18 |
| Verenigde State van Amerika | USD | 17,85 | 18,40 |

3.1.1 (a) Dink jy die rand was sterk of swak teenoor die twee belangrike geldeenhede hierbo? (1)

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

3.1.2 Verduidelik DRIE moontlike redes waarom Gordon se ouma daarop aangedring het dat hy die fiets in Suid-Afrika koop. (6)

3.1.3 Die geld wat Gordon by sy ouma gekry het, het aan hom die koopkrag gegee om 'n topgehalte fiets te kan bekostig.

Verduidelik die term *koopkrag*. (2)

3.1.4 Gordon se ouma het vir hom GBP3 000 gegee om 'n nuwe fiets te koop.


Bereken die bedrag wat Gordon in rand gehad het om 'n nuwe fiets in Suid-Afrika te koop.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.

Toon ALLE berekeninge. (3)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SKOMMELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RAND TEENOOR DIE VS-DOLLAR – JANUARIE TOT MAART 2023**




[Bron: www.iol.com]

Vanuit die grafiek hierbo, identifiseer die volgende:

3.2.1 Die hoogste wisselkoers van die rand teenoor die VS-dollar en die datum (2)

3.2.2 Die laagste wisselkoers van die rand teenoor die VS-dollar en die datum (2)

3.2.3 Gee TWEE redes waarom die Suid-Afrikaanse rand tot 'n nuwe laagtepunt teenoor die VS-dollar vanaf middel-Februarie tot middel-Maart 2023 geval het. (4)

**[22]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**AFDELING B: TOERISTEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die prentjies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| A | B |
|---|---|
|  |  |
| **C** | **D** |
|  |  |

4.1.1 Identifiseer die ikone/attraksies hierbo deur die inligting wat hieronder gegee word, te gebruik.

Skryf slegs die naam van die ikoon langs die vraagnommers (4.1.1(a) tot 4.1.1(d)) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.1.1(e) Eiffeltoring.

(a) Die doel van die matador is om die skare te vermaak. (1)

(b) Hierdie ikoon is 'n simbool van demokrasie en vryheid. (1)

(c) Hierdie mark in Thailand het baie kosverkopers. (1)

(d) Hierdie natuurlike formasie het rooi rotslae. (1)

4.1.2 (a) Identifiseer die TWEE Wêrelderfenisterreine wat in VRAAG 4.1 gegee word. (2)

(b) Verduidelik TWEE redes waarom beide terreine wat in VRAAG 4.1.2(a) geïdentifiseer is, beskerm moet word. (4)

4.1.3 Beskryf EEN unieke aspek van ikoon **D**. (2)

4.1.4 Prentjie **C** verteenwoordig 'n kontroversiële (waaroor daar baie gedebatteer word) kulturele praktyk wat in sekere lande verban is.

Bespreek TWEE redes waarom sekere mense dalk glo dat hierdie praktyk toegelaat moet word om voort te bestaan. (4)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MACHU PICCHU VIR 'N ONBEPAALDE TYD GESLUIT**



Hierdie bekende toeriste-terrein is onbepaald (tot verdere kennisgewing) gesluit as gevolg van voortslepende betogings in die land. Honderde toeriste is vir ure vasgekeer omdat spoorwegdienste na die terrein beskadig is. Polities-gemotiveerde gewelddadige betogings het die toeriste se lewens bedreig en amptenare het toeriste gewaarsku om nie na Machu Picchu te reis nie.

[Aangepas uit www.bbc.com/news]

4.2.1 Noem die kontinent en land waar Machu Picchu geleë is. (2)

4.2.2 Beskryf EEN fisiese kenmerk wat van Machu Picchu 'n gewilde toeriste-attraksie maak. (2)

4.2.3 Die gewelddadige betogings het 'n negatiewe invloed op die land se toerismebedryf gehad.

Bespreek TWEE negatiewe invloede van die sluiting van Machu Picchu. (4)
**[24]**

**VRAAG 5**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE BLOMMEPRAG EN FYNBOS**



[Bron: www.unescoworldheritagecenter.org]

5.1 5.1.1 Identifiseer die Wêrelderfenisterrein (WET) in die prent hierbo. (2)

5.1.2 Voltooi die sin hieronder:

Die Wêrelderfenisterrein wat in VRAAG 5.1.1 geïdentifiseer is, kan as 'n … terrein geklassifiseer word. (2)

5.1.3 Noem die provinsie waar die Wêrelderfenisterrein hierbo geleë is. (2)

5.1.4 Noem EEN ander Wêrelderfenisterrein in die provinsie wat in VRAAG 5.1.3 geïdentifiseer is. (2)

5.2 Die kriterium hieronder is gebruik om die terrein in VRAAG 5.1.1 as 'n Wêrelderfenisterrein te verklaar.

Kriterium (ix): Die eiendom word beskou as van uitstaande universele waarde vir verteenwoordiging van die volgehoue ekologiese en biologiese prosesse wat met die evolusie van die unieke fynbosbiome verbind word.

5.2.1 Verduidelik EEN waarde van die unieke fynbosbioom om toeriste na die gebied te lok. (2)

5.2.2

**BRAND BEDREIG TAFELBERG NASIONALE PARK**

'n Brand het 'n klein gedeelte op die rand van Tafelberg Nasionale Park verwoes. Hierdie is een van die dertien beskermde gebiedsgroeperings van natuurlike eiendomme wat by die Wêrelderfenislys ingesluit is. Dié streek is een van die wêreld se grootste biodiversiteit-gevaarpunte ('hotspots') van globale belang.

[Aangepas uit www.whc.unesco.org]

Bespreek in 'n paragraaf DRIE bedreigings van onbeheerde brande as gevolg van toeriste se onverantwoordelike optrede in die gebied. (6)
**[16]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 6

Bestudeer die prentjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MAAK GEREED VIR GROEI BY *MEETINGS AFRICA 2023***



[Bron: www.tourismupdate.co.za]

6.1 Gee die naam van die bemarkingsorganisasie wat vir die aanbied van die Meetings Africa 2023 verantwoordelik is. (2)

6.2 Identifiseer EEN tipe toeris wat na hierdie gebeurtenis gelok sal word. (2)

6.3 Noem TWEE ander internasionale reishandelskoue waar Suid-Afrika bemark word. (2)

6.4 Bespreek TWEE maniere waarop internasionale reishandelskoue Suid-Afrika as 'n voorkeurbestemming kan plaas. (4)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

Verwys na die prentjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PROFESSIONELE BEELD VAN 'N LUGDIENS SE BEMANNING**



[Aangepas uit www.thedesignair.net]

7.1 'n Uniform dra by tot die professionele beeld van 'n lugdiens.

Bespreek TWEE maniere waarop die korrekte wyse waarop personeel 'n uniform dra, tot die professionele beeld van 'n lugdiens bydra. (4)

7.2 Voltooi die sin hieronder.

Die personeel wat vir die veiligheid van passasiers op die vliegtuig verantwoordelik is, is die … (2)

7.3 Die kajuitbemanning van 'n lugdiens het baie verantwoordelikhede.

Gee EEN voorwaarde as deel van die lugdiens se gedragskode oor die volgende:

7.3.1 Stiptelikheid (2)

7.3.2 Hantering van passasiers (2)
**[10]**

## VRAAG 8

Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WEEVA**
**TEGNOLOGIE OM VOLHOUBAARHEID NA TE GAAN**




'n Nuwe digitale stelsel, Weeva, is vir die toerismebedryf ontwikkel om volhoubaarheid te bestuur. Weeva is maklik-om-te-gebruik-tegnologie om omgewings- en maatskaplike invloede na te gaan ('track').

Die totale waarde van die toerismebedryf is $1,6 triljoen en het meer as 270 miljoen mense wêreldwyd in diens. Die toerismebedryf beskik oor die vermoë om die klimaatkrisis te verminder en verlies aan biodiversiteit te vertraag. Weeva gee aan akkommodasie-instellings en ander toerisme-sektore die werktuig om hulle invloed op die omgewing te meet.

[Aangepas uit www.za.linkedin.com]

8.1 Gee EEN woord vir die definisie hieronder.

Die gebruik van hulpbronne op so 'n manier dat dit voorsiening maak vir die behoeftes van die huidige geslag, sonder om die behoeftes van die nageslag in gevaar te stel. (2)

8.2 Hotelgroepe kan op verskeie maniere hulle invloed op die omgewing verminder.

Bespreek TWEE maniere waarop die hotel ELK van die volgende volhoubare praktyke kan bestuur om hulle invloed op die omgewing te verminder:

8.2.1 Waterbestuur (4)

8.2.2 Energiebestuur (4)

8.3 Bespreek DRIE positiewe invloede van toerisme op die wêreldekonomie. (6)

8.4 Die Weeva digitale stelsel is ontwikkel om omgewings- en maatskaplike invloede van toerismebesighede na te gaan. Baie toerismebesighede is egter NIE ten gunste van die gebruik van hierdie nuwe stelsel NIE, aangesien dit hulle koolstofvoetspoor mag ontbloot.

Stel TWEE maniere voor waarop jy hierdie besighede sal aanmoedig om die Weeva digitale stelsel te gebruik en so die voordele van verminderde omgewingsinvloede te geniet. (4)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


**2026 FIFA-WÊRELDBEKERTOERNOOI**

Die volgende FIFA-Wêreldbekertoernooi gaan in Noord-Amerika gehou word. Die sokker-federasies van die VSA, Kanada en Mexiko het 'n gesamentlike bod aan FIFA gemaak om gasheer vir die kompetisie te wees. Die Noord-Amerikaanse nasies het die bod 'United 2026' genoem. Sestien stede regoor die Verenigde State, Kanada en Mexiko sal vir hierdie glansryke (belangrike) toernooi gasheer wees.

Dit is die eerste keer dat drie nasies die Wêreldbekertoernooi sal aanbied. Hulle het verklaar dat hulle gesamentlike sportinfrastruktuur van hulle die bes toegeruste gashere vir die heel eerste 48 span-toernooi ooit sal maak.

2026
FIFA WORLD CUP
VERENIGDE STATE/KANADA/MEXIKO

'n Moontlike uitdaging sal reisdokumente wees om tussen die gasheerlande te beweeg. 'n Moontlike oplossing hiervoor kan 'n veelvoudigetoegang-visum wees.




[Bron: www.future.fandom.com]

9.1.1 Gee EEN rede waarom die uittreksel na 'n kontinent verwys en nie na 'n enkele land nie. (2)

9.1.2 Identifiseer TWEE redes waarom die 2026 FIFA-Wêreldbekertoernooi uniek sal wees. (4)

9.1.3 Gee TWEE redes waarom die 2026 FIFA-Wêreldbekertoernooi as 'n wêreldgebeurtenis beskou word. (4)

9.1.4 Bespreek EEN positiewe invloed wat die FIFA-Wêreldbeker-toernooi op die ekonomie van die Noord-Amerikaanse kontinent sal hê. (2)


9.1.5 Verduidelik die konsep *veelvoudigetoegang-visum*. (2)

9.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


**MEER BESOEKERS AAN DIE NASIONALE KRUGERWILDTUIN**

Die Nasionale Krugerwildtuin het tussen Desember 2022 en Januarie 2023 'n toename in besoekersgetalle ervaar.

**A**




**B**




**C**

Besoekersgetalle na die Nasionale Krugerwildtuin het nog nie tot pre-Covid-vlakke herstel nie.

Die park het in die 2022/2023-hoogseisoen slegs 93% van die besoekers in vergelyking met 2019 ontvang.

[Aangepas uit www.tourismupdate.co.za]

9.2.1 Identifiseer, uit grafiek **A**, die kernmark met die laagste besoekersgetalle. (2)

9.2.2 Verwys na grafiek **B**.

Bespreek EEN rede waarom beide Mpumalanga en Limpopo as twee van die top drie provinsies vir plaaslike besoekers aan die Nasionale Krugerwildtuin beskou word. (2)

9.2.3 Verwys na die inligting in **C**.

Gee EEN rede waarom die opgetekende besoekersgetalle met die 2019-seisoen en nie met die 2020/2021-seisoen vergelyk word nie. (2)
**[20]**


## VRAAG 10

10.1 Bestudeer die inligtingsgrafika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TOERISMEBESIGHEDE, NEEM KENNIS – SYFERS JOK NIE**

'n Ontleding van klantediens en -ervarings het die bevindinge hieronder weerspieël.

Om 'n **nuwe klant te werf,** is **6–7 keer** duurder as om 'n bestaande een te behou.



**Lojale klante** se waarde is **10 keer** meer as hulle eerste aankope.



**78%** van klante sal nie weer kom koop as hulle **swak diens** ervaar het nie.



Dit neem **12 positiewe** ervarings om vir een negatiewe een te vergoed.





**Swak diens** bereik meer as twee keer soveel ore as lof vir goeie diens.



[Bron: www.ariscommunity.com]

10.1.1 Verduidelik TWEE redes waarom die bevindinge hierbo vir toerismebesighede belangrik is. (4)

10.1.2 Verduidelik die betekenis van die bevinding: 'Dit neem **12 positiewe** ervarings om vir een negatiewe een te vergoed.' (2)

10.2 Bestudeer die tekenprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**AI, DIE TELEURSTELLING!**




[Eie skepping]

10.2.1 Noem EEN manier waarop die bestuur die klant op 'n toepaslike wyse kan antwoord. (2)

10.2.2 Beveel EEN strategie aan wat 'n maatskappy kan gebruik om die klant se lojaliteit terug te wen. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**TOERISME**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## INLIGTING VIR NASIENERS

| ONDERWERPE IN DIE TOERISME KABV | | AFKORTING |
|---|---|---|
| Onderwerp 1 | Toerismesektore | TS |
| Onderwerp 2 | Kaartwerk en toerbeplanning | KTB |
| Onderwerp 3 | Toerismebesienswaardighede | TB |
| Onderwerp 4 | Volhoubare en verantwoordelike toerisme | VVT |
| Onderwerp 5 | Plaaslike, streeks- en internasionale toerisme | PSI |
| Onderwerp 6 | Kultuur- en erfenistoerisme | KE |
| Onderwerp 7 | Buitelandse valutaverhandeling | BVV |
| Onderwerp 8 | Kommunikasie en kliëntediens | KK |
| Onderwerp 9 | Bemarking | B |

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | C✓/Schengen | KTB |
| 1.1.2 | D✓/Geldige paspoort | KTB |
| 1.1.3 | B✓/Cholera | KTB |
| 1.1.4 | A✓/Akkommodasie | KTB |
| 1.1.5 | B✓/Gebruik 'n registreerde maatskappy se toep (‘app’) om die bespreking te maak. | KTB |
| 1.1.6 | D✓/Om aansoek vir 'n IBP te doen | KTB |
| 1.1.7 | D✓/Die Kremlin en die Rooi Plein | TB |
| 1.1.8 | B✓/Pole | TB |
| 1.1.9 | A✓/die sukses van 'n attraksie | TB |
| 1.1.10 | C✓/Beskerm besoekers teen misdadigers | TB |
| 1.1.11 | B✓/Suid-Afrika as 'n vooraanstaande sportbestemming bevorder. | B |
| 1.1.12 | D✓/ TBRSA/’TBCSA’ | B |
| 1.1.13 | B✓/diversiteit | KE |
| 1.1.14 | B✓/ kernpligte, byvoordele en uniformtoelaes. | TS |
| 1.1.15 | C✓/trek 'n skoon, netjies gestrykte uniform aan. | TS |
| 1.1.16 | D✓/eienaarskap en deelname deur die plaaslike gemeenskap. | VVT |
| 1.1.17 | B✓/ fietswedren | PSI |
| 1.1.18 | A✓/Kaapstad | PSI |
| 1.1.19 | B✓/natuurramp | PSI |
| 1.1.20 | C✓/duur van verblyf by akkommodasie-instellings. | PSI |

(20 x 1) (20)

1.2

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | UTK ✓ | KTB |
| 1.2.2 | verbode goedere ✓ | KTB |
| 1.2.3 | vervaldatum ✓ | KTB |
| 1.2.4 | vlugvoosheid ✓ | KTB |
| 1.2.5 | euro ✓ | BVV |

(5)

1.3

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.1 | WGO ✓ | KTB |
| 1.3.2 | Geelkoors ✓ | KTB |
| 1.3.3 | malaria ✓ | KTB |
| 1.3.4 | Reisklinieke ✓ | KTB |
| 1.3.5 | Covid-19 ✓ | KTB |

(5)

1.4

| | | |
|---|---|---|
| 1.4.1 | G✓/korporatiewe maatskaplike belegging (KMB) | VVT |
| 1.4.2 | E✓/omgewingspilaar | VVT |
| 1.4.3 | B✓/ekonomiese pilaar | VVT |
| 1.4.4 | A✓/'Fair Trade Tourism’ | VVT |
| 1.4.5 | D✓/maatskaplike pilaar | VVT |

(5)

1.5

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | D✓<br>• B | PSI | |
| 1.5.2 | A✓ | PSI | |
| 1.5.3 | C✓ | PSI | |
| 1.5.4 | F✓ | PSI | |
| 1.5.5 | E✓ | PSI | (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA-VERHANDELING

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 Londen 0 Kaapstad +2 **KTB**
Tydsverskil is: 2 uur ✓✓ (2)

2.1.2 **KTB**

| Londen 0 | Kaapstad +2 |
|---|---|
| Vertrektyd in Londen:<br>Tyd in Kaapstad:<br><br>Vliegtyd: 11 ure<br><br>Tydsverskil:<br>Aankomstyd in Kaapstad | = 19:00<br>= 21:00✓<br><br>= 19:00 (+✓ )11 ure<br>= 06:00<br>= 06:00 (+✓) 2 ure<br>= 08:00✓ |

(4)

**OF**

| **Alternatiewe Metode** | |
|---|---|
| Vertrektyd in Londen:<br>Tyd in Kaapstad:<br><br>Vliegtyd<br><br>Aankomstyd in Kaapstad | = 19:00 (+ ✓) 2 ure<br>= 21:00 ✓<br><br>= 21:00 (+✓) 11 ure vliegtyd<br><br>= 08:00✓ |
| **OF** | |
| 08:00✓✓✓✓ | |

2.1.3 Hulle wou op besigtigingstoere gaan. ✓✓ **KTB**
Hulle wou inkopies doen in Kaapstad. ✓✓ (4)

- Hulle wou Gordon tyd gee om voor die wedren te rus en om van vluguitputting te herstel.
- Om aan die weerstoestande/hoogte in Kaapstad gewoond te raak.
- Hulle wou die roete sien voor die wedren.
- Om die formaliteite van die wedrenregistrasie af te handel en om die wedrennommer te kry.
- Om die Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum te verken.
- Om sy toerusting gereed te kry vir die wedren bv. koop 'n nuwe fiets en oefen met die nuwe fiets.

2.2 2.2.1 (a) Die groen kanaal ✓ **KTB** (1)

(b) Hulle het niks gehad om te verklaar nie. ✓✓ **KTB**
Alles wat hulle by hulle gehad het, het binne die toegelate beperkings geval in ooreenstemming met doeaneregulasies. ✓✓

- Hulle het nie enige onwettige of verbode items by hulle gehad nie. (4)

2.2.2 (a) Suid-Afrikaanse Inkomstediens ✓ KTB (1)
- SAID
- Doeane en Aksyns
- Doeane

**LET WEL:** Moenie polisie of sekuriteitsdienste aanvaar nie.

(b) Kontroleer dat besoekers nie onwettige en/of verbode goedere die land inbring nie. ✓✓ KTB
Verseker dat beperkte goedere binne die toegelate beperkings val. ✓✓ (4)
- Verseker dat besoekers doeanebelasting betaal soos vereis word.

2.3 KTB

| Suid-Afrika: +2 | New York: - 5 |
|---|---|
| DBT in New York<br><br>Tydsverskil:<br><br>Boodskap ontvang: | = (+1 ✓uur) DBT<br>= - 4<br>= 6 ure<br>14:00 – 6 ure<br>= 08:00✓ |
| **OF** | |
| 08:00✓✓ | |

(2)

2.4 Dag 2: Een avontuuraktiwiteit in Kaapstad ✓✓ KTB
Dag 5: Een avontuuraktiwiteit in Kaapstad ✓✓
Inkopies: die nuwe fiets / fietsry bykomstighede op dag 1, 2 of 3 ✓✓ (6)

**LET WEL**: Aanvaar enige voorbeeld van avontuuraktiwiteite in Kaapstad.
Moenie die name van die attraksies aanvaar nie, net aktiwiteite.

**[28]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 (a) Swak✓ BVV (1)

(b) Dit is baie duur vir Suid-Afrikaners om 1 USD/GBP te koop. ✓✓ (2)
- Die USD/GBP is sterk teenoor die rand
- Die rand is swak teenoor die USD/GBP

3.1.2 Die wisselkoers is baie gunstig vir die Britse besoekers. ✓✓ BVV
Die fiets sal goedkoper in Suid-Afrika wees in vergelyking met 'n soortgelyke fiets in Londen. ✓✓
Hulle sal op lugdienskostes spaar om die fiets vanaf Londen na Suid-Afrika te vervoer. ✓✓ (6)
- Dit is gerusstellend vir hom om nie bekommerd te wees of sy fiets *in transito* verlore kan raak of beskadig kan word nie.
- Die Britse pond het meer koopkrag as die rand.

3.1.3 Die bedrag geld wat 'n geldeenheid in 'n ander land kan koop, in vergelyking met die waarde in jou eie land.✓✓ BVV (2)

3.1.4 GBP3 000 (x ✓) 21.98✓= ZAR65 940,00 ✓ BVV (3)

**OF**

ZAR65 940,00 ✓✓✓

**LET WEL:** Aanvaar antwoorde sonder dat die twee desimale plekke of die valutakode of simbool aangedui is.

3.2 3.2.1 R18.80✓ op 15 Maart 2023 ✓ BVV (2)

3.2.2 R16.80✓ op 14 Januarie 2023 ✓ BVV (2)

3.2.3 Politieke / Ekonomiese onstabiliteit ✓✓ BVV
Hoë korrupsievlakke ✓✓ (4)

- Gereelde voorkoms van beurtkrag
- Hoë misdaadvlakke
- Lae beleggersvertroue / hoë inflasiekoers
- Wantroue in die leierskap

**LET WEL**: Aanvaar voorbeelde van die redes.

**[22]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 (a) Stiergevegte ✓ TB (1)

(b) Die Vryheidstandbeeld ✓ TB (1)

(c) Drywende markte ✓ TB (1)

(d) Die Grand Canyon ✓ TB (1)

**LET WEL:** Aanvaar slegs die naam van die ikoon.

4.1.2 (a) Die Vryheidstandbeeld ✓ TB
- Ikoon A

Die Grand Canyon ✓
- Ikoon B

(2)

(b) Hierdie terreine is belangrik vir kulturele, maatskaplike en ekonomiese voordele. ✓✓ TB
Hulle beskerm die historiese en natuurlike omgewing vir die volgende generasies. ✓✓ (4)
- Ondersteun die maatskaplike en kulturele belangrikheid van die plaaslike mense en bring ‘n gevoel van trots.
- Hulle is terreine wat as onvervangbaar beskou word.
- Hulle word beskou as terreine met noemenswaardige waarde vir 'n nasie of kultuur.

4.1.3 Verkopers verkoop vars vrugte en groente op klein hout roeibootjies op die kanale. ✓✓ TB (2)
- Dit gee insig oor die Thaise kultuur aangesien dit al vir meer as 100 jaar bedryf word.
- 'n Unieke inkopie-ervaring waar 'n verskeidenheid vars vrugte en groente vanaf die bote gekoop kan word.

4.1.4 Dit is een van die hoof toeriste-attraksies. ✓✓ TB
Mense glo dat dit 'n vorm van vermaak is. ✓✓ (4)
- Dit is deel van 'n eeue-oue kulturele praktyk.
- Dit is 'n tradisionele sport wat volgehou moet word.
- Dit is uniek aan die Spaanse kultuur.
- Dit verdien inkomste en skep werksgeleenthede.
- Dit dra tot die BBP van 'n land by.

4.2 4.2.1 Kontinent – Suid-Amerika ✓ TB
Land – Peru ✓ (2)

**LET WEL:** Die kontinent moet eerste geskryf word OF dit moet gespesifiseer word.

Kopiereg voorbehou 

4.2.2 Dit is 'n antieke fort-stad in die Andes Gebergte. ✓✓ **TB** (2)

- Dit is 'n ruïnestad van die Inca-koninkryk.
- Dit het die vorm van 'n heilige dier vir die Inca-mense.
- Die terrein is bekend vir die landbou-terasse wat deur die Inca beskawing ontwerp is.
- Die ikoon word beskou as ‘n meesterstuk van argitektoniese waarde.

4.2.3 Plaaslike gidse wat van die inkomste wat uit toerisme verdien word, afhanklik is, kry swaar. ✓✓ **TB**
Toeroperateurs en ander besighede wat op toerisme staatmaak, sal swaarkry as gevolg van die tekort aan toeriste. ✓✓ (4)

- Die land kan steeds as onveilig beskou word, selfs nadat die protesaksies gestaak is.
- Gewelddadige protesaksies kan infrastruktuur beskadig, wat toerisme kan belemmer.
- Die koste om beskadigde infrastruktuur te herstel, mag die opening van die terrein vir toeriste vertraag.
- Afname in die Bruto Binnelandse Produk (BBP).

**[24]**

## VRAAG 5

5.1 5.1.1. Kaapse Blommeryk Beskermde Areas ✓✓ KE (2)

- Kaapse Blommeryk

5.1.2 natuurlike ✓✓ **KE** (2)

5.1.3 Wes-Kaap ✓✓ **KE** (2)

- Oos-Kaap

5.1.4 Robbeneiland ✓✓ **KE** (2)

- Geen

**LET WEL:** Aanvaar slegs ‘GEEN’ as die antwoord in VRAAG 5.1.3 Oos-Kaap is.

5.2 5.2.1 Fynbos is uniek aan hierdie streek en toeriste word daarheen gelok om die fynbos te sien. ✓✓ **KE** (2)

- Omdat dit spesiaal vir hierdie WET is, sal dit beskerm word en toeriste kan verseker wees dat dit sal voorbestaan. Dit is 'n lokmiddel vir toeriste na die gebied.
- Verskillende tipes toeriste sal na hierdie biome gelok word.
- Dit kan 'n inkomste verdien vir besighede wat in en rondom hierdie gebied besighede bedryf.

5.2.2 **Vure bedreig die fynbos** KE

Die verlies aan fynbos sal 'n negatiewe invloed op toerisme hê omdat baie toeriste nie meer die gebied sal besoek nie. ✓✓
Vure kan die voetslaanroetes in die natuur, toerisme- infrastruktuur en omringende gemeenskappe in hierdie gebied, verwoes. ✓✓
Onverantwoordelike toeriste-optrede kan lewensverlies tot gevolg hê. ✓✓ (6)

- Aangesien dit baie maande sal neem om weer te groei, sal toeriste nie hierdie gebied kan besoek nie. Dit sal 'n verlies aan inkomste tot gevolg hê.
- Die kwaliteit van die lug sal negatief beïnvloed word.
- Verlies aan plantegroei sal tot erosie lei.

**[16]**

## VRAAG 6

6.1 Suid-AfrikaanseToerisme ✓✓ B (2)

- SAToerisme

**LET WEL:** Moenie SAT aanvaar nie.

6.2 Vergadering-, Belonings-, Konferensie- en Uitstallingstoeriste ✓✓ B (2)
(Engels: Meetings, Incentive, Conferences, en Exhibitions)

- MICE toeriste
  MESE – Vergadering-, Uitstallings- en Spesiale Gebeurtenisse-toeriste (Engels: Meetings, Exhibitions en Special Events)
- Besigheidstoeriste
- Onderwystoeriste
- Blesier toeriste ('Bleisure' toeriste)

6.3 ITB Berlyn ✓ B
Wêreld Reismark✓/World Travel Market (2)

- WTM

6.4 Internasionale reishandelskoue sal die netwerk-geleenthede bevorder. ✓✓ B
Dit verhoog bewusmaking van Suid-Afrika as 'n reisbestemming. ✓✓ (4)

- Suid-Afrika sal internasionaal gesien word as 'n verwelkomende gasheer en 'n goeie waarde-vir-geld bestemming.
- Suid-Afrika sal as 'n gasheerland vir ander internasionale gebeurtenisse oorweeg word.
- 'n Positiewe ervaring kan lei tot positiewe publisiteit vir Suid-Afrika.
- Uitstallers by internasionale reishandelskoue sal blootgestel word aan alles wat Suid-Afrika bied, wat hulle sal oorreed om die land te besoek.
- Internasionale reishandelskoue bring beleggingsgeleenthede vir die land.

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 Wanneer hulle 'n uniform aanhet, mag werknemers nie op enige onvanpaste manier optree wat die lugdiens skade kan berokken nie. ✓✓ **TS**
Dit skep 'n gevoel van trots. ✓✓ (4)
- Die maatskappy verseker dat die werknemers klere dra wat by die tipe werk wat gedoen word, pas. (ligging en beroep)
- Die ontwerp van die uniform is gepas vir die verskillende kulture, godsdienste of ouderdomsgroepe.
- Uniforms is elegant, gesofistikeerd en verteenwoordig die lugredery.

7.2 Kajuitbemanning ✓✓ **TS** (2)
- Lugwaardin / vlugkelner
- Loods
- Eerste offisier

7.3 7.3.1 **Stiptelikheid:** **TS**
Kajuitbemanning moet:
Betyds vir diens aanmeld. ✓✓ (2)
- In staat wees om hulle tyd te bestuur
- Nie laat wees nie, aangesien dit 'n uitwerking op die res van die lugdiens se bedrywe sal hê.

7.3.2 **Hoe passasiers behandel moet word:** **TS**
Die bemanning mag nie ongeskik met passasiers wees nie. ✓✓ (2)
- Passasiers moet altyd met respek behandel word.
- Bemanningslede mag nie te voorbarig met passasiers word nie.
- Bemanningslede moet ferm kan optree teen ontwrigtende passasiers wat die veiligheid van ander passasiers bedreig.

**LET WEL**: Aanvaar voorbeelde van hoe passasiers behandel moet word.

**[10]**

### VRAAG 8

8.1 Volhoubaarheid ✓✓ **VVT** (2)

**LET WEL:** Moenie die woorde 'volhoubare toerisme' aanvaar nie.

8.2 8.2.1 **Waterbestuur:** **VVT**
Vang reënwater op en stoor dit in tenks. ✓✓
Dubbel-wegspoel toilette in die badkamers ✓✓ (4)
- Lae-vloei stortkoppe in die storte
- Hergebruik gryswater
- Gebruik energie-besparende toestelle soos skottelgoed-wassers en wasmasjiene.
- Hergebruik badhanddoeke

**LET WEL**: Aanvaar voorbeelde van waterbestuurspraktyke.

8.2.2 **Energiebestuur:** VVT

Die gebruik van alternatiewe energiebronne en toestelle. ✓✓
Die gebruik van bome en plante om koel areas te skep waar gaste kan ontspan. ✓✓ (4)

- Die gebruik van elektroniese sleutelkaarte wat die gebruik van elektrisiteit in die kamers beheer.
- Die gebruik van energie-besparende gloeilampe
- Gebruik plaaslike produkte en dienste om brandstofkostes te bespaar.
- Moedig toeriste aan om fietse te gebruik wanneer hulle omliggende gebiede verken.
- Die gebruik van groot vensters en dakvensters ('skylights') om gedurende die dag natuurlike lig in te laat.
- Gebruik energie-besparende toestelle soos skottelgoed-wassers, wasmasjiene en verkoelingstelsels.

**LET WEL**: Aanvaar voorbeelde van energiebestuurspraktyke.

8.3 **Bespreek DRIE positiewe invloede van toerisme op die globale ekonomie** VVT

Toerisme kan werksgeleenthede skep in alle sektore ✓✓
Toerisme genereer inkomste/bydrae tot die BBP ✓✓
Toerisme help in die ontwikkeling van nuwe infrastruktuur ✓✓ (6)

- Onderhoud en verbetering van die bestaande infrastuktuur.
- Dit kan die ontwikkeling van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling aanvuur.
- Toerisme kan geleenthede skep vir entrepreneurskap in baie sektore van die ekonomie.
- Toerisme stel die vermenigvuldiger-effek in werking.
- Toerisme-besighede kan volhoubare praktyke toepas wat aanleiding kan gee tot ‘n groei in die globale ekonomie.

8.4 As 'n besigheid bewus is van sy koolstofvoetspoor, kan oplossings gevind word wat die invloed op die omgewing sal verminder. ✓✓ VVT
Die besighede sal ernstiger word oor volhoubaarheid en sal moeite doen om hulle bedrywe te verander, wat dan die invloed op die omgewing sal verminder. ✓✓ (4)

- Die besigheid mag kwalifiseer om as 'n groen besigheid gesertifiseer te word wat hulle die kompeterende voordeel sal gee.
- Die besigheid sal omgewingsbewuste toeriste lok.
- Fasiliteer samewerking tussen toerisme-besighede deur die beste praktyke te deel.
- Besighede kan ‘n toetsperiode toegelaat word om Weeva-sisteem te toets en te integreer in die besigheid.

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

**AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS**

**VRAAG 9**

9.1 9.1.1 Die uittreksel verwys na 'n kontinent aangesien die gebeurtenis gesamentlik deur drie lande op dieselfde kontinent, d.i. Noord-Amerika, aangebied gaan word. ✓✓ **PSI** (2)

9.1.2 Dit sal die eerste keer wees dat drie lande die gebeurtenis gesamentlik gaan aanbied. ✓✓
Dit sal die eerste keer wees wat 48 spanne teen mekaar sal meeding. ✓✓ **PSI** (4)

9.1.3 Dit lok toeskouers en deelnemers vanoor die hele wêreld. ✓✓
Die gebeurtenis sal 'n positiewe ekonomiese invloed op al drie die gasheerlande hê. ✓✓ **PSI** (4)
- Dit sal belangstelling lok vanaf die media, borge en ondersteuningspersoneel wat saam met alle spanne reis.
- Die geleentheid kan miljoene mense bereik deur die gebeurtenis wêreldwyd uit te saai.

9.1.4 Meer besoekers sal die lande besoek ✓✓ **PSI** (2)
- Buitelandse valuta sal verdien word en sal deur alle lande gedeel word.
- Meer produkte en dienste sal benodig word.
- Werk / entrepreneursgeleenthedede sal geskep word.
- Toename in die BBP vir alle gasheernasies.
- Blootstelling en pubisiteit van die lande sal herhaalbesoeke tot gevolg hê.
- Die vermenigvuldiger-effek sal in werking gestel word

9.1.5 ‘n Veelvoudigetoegang-visum sal toeriste toelaat om die drie lande meer as een keer te besoek, solank die visum geldig is. ✓✓ **PSI** (2)
- Hulle sal slegs vir een visum moet aansoek doen om drie lande binne te gaan.

9.2 9.2.1 Verenigde State ✓✓ **PSI** (2)
- VSA
- Verenigde State van Amerika

**LET WEL:** Aanvaar slegs die naam van die bronmark.

9.2.2 Die NKW is binne die grense van Mpumalanga en Limpopo geleë.✓✓ **PSI** (2)
- Dit is naby aan die park geleë
- Dit is die hoof-attraksie in albei provinsies
- Mense kan die NKW by een provinsie ingaan en die wildtuin by die ander provinsie verlaat.

9.2.3 Dit is meer realisties om die getalle van 2018/2019 te vergelyk, aangesien hierdie jare die pre-Covid-19-besoekergetalle reflekteer. ✓✓ **PSI**
- Die besoekergetalle vir die 2020/2021 seisoen was nie realisties nie, as gevolg van die Covid-19 pandemie. (2)

**[20]**

## VRAAG 10

10.1 10.1.1 Die bevindinge is waardevol vir alle toerismebesighede, sodat hulle hul kliëntebasis kan behou. ✓✓ **KK**
Die bevindinge sal die maatskappy se swakhede uitwys en as riglyn dien vir die besigheid om sy plan van aksie te ontwikkel. ✓✓ (4)
- Die bevindinge sal wys waar die maatskappy sy diensleweringvlakke kan verbeter.
- Die bevindinge sal verhoogde winsgewendheid tot gevolg hê.

**LET WEL**: Aanvaar voorbeelde uit die inligtingsgrafika.

10.1.2 Dit beteken dat dit baie moeiliker is om 'n kliënt terug te wen, omdat dit meer as een poging mag vereis. ✓✓ **KK** (2)
- Hierdie pogings sal bykomende stremming op die maatskappy se finansiële bronne plaas.
- Slegte diens kan 'n verlies aan kliënte tot gevolg hê.
  Dit sal tyd en inspanning vereis om 'n kliënt terug te wen.
- 'n Negatiewe ervaring mag die verspreiding van negatiewe mondelinge advertensie tot gevolg hê, wat die maatskappy sy reputasie kan kos.

10.2 10.2.1 Vra die kliënt om verskoning vir die swak diens en verskonings. ✓✓ **KK** (2)
- Verseker die kliënt weer eens van sy/haar waarde vir die besigheid.
- Stel die kliënt gerus dat dit nie weer sal gebeur nie.

10.2.2 Die maatskappy kan 'n vorm van kompensasie aan die kliënt bied. ✓✓ **KK** (2)
- 'n Bestuurder kan opvolg deur 'n persoonlike oproep na die kliënt te maak en namens die maatskappy om verskoning te vra.
- Die maatskappy kan aan kliënt vra om maniere voor te stel hoe hulle lojaliteit teruggewen kan word.

**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou